

2 Junie

1 Korintiërs 12:1-13:3, (Teks: 13:1)

Sonder die liefde is ons niks

Baie mense beleef in ons tyd dat die kerk se fut uit is en besig is om sy invloedrykheid te verloor. In so 'n tyd word daar ook uit die aard van die saak gesoek na iets waarin die wesenlike uitdrukkingswyse en die krag van die kerk van die Here Jesus tot uiting kan kom.

Sommige sê dat die gawe om in tale te praat 'n besondere bewys is van 'n hoë geestelike vlak en 'n innige kontak met die hemelse. Ander sê dat die suiwere uitleg van die Heilige Skrif en die kennis wat dit meebring die belangrikste is om 'n gemeente op te bou en kragtig te laat optree. Nog ander meen dat die antwoord in daad-Christenskap lê: Daar moet nie volstaan word met die alewige gepraterij en geprekery nie, maar oorgegaan word tot konkrete daede. Dan sal alles regkom.

Maar in die naartoglike soeke na nuwe maniere om lewe in die kerk te bring, kan die kroonjuweel wat die Here vir sy bruidsgemeente gegee het, naamlik die liefde, in vergetelheid verval. Wanneer dit wat ons in die kerk doen nie uit die liefde van ons Here Jesus voortkom en tot liefde lei nie, is dit 'n vermorsing van energie wat op niks blywends uitloop nie. Dit is soos iemand wat 'n vuurhoutjie trek. Dit maak 'n groot vlam maar word dadelik doodgewaai, omdat die persoon nie die beskermende hand van liefde om die vlam geplaas het en 'n vuurtjie aangesteek het wat die winterkoue vir sy mense kon verdryf nie. Hoe kragtig en oorredend taal ook al mag wees, hoe suiwer 'n woord ook al mag wees, hoe hard 'n daad ook al mag spreek, kan dit sonder die liefde tot niks blywends lei nie. Laat ons hierdie kosbaarste gawe wat die Here vir ons gegee het opnuut die ereplek in die lewe van die gemeente gee! Laat alles wat ons dink, sê en doen deurdronge wees van die liefde van die Here wat ons eerste liefgehad het. Dan kan die kerk nie anders as om te floreer nie!

Ds. F.W. de Wet (Vryheid)